basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DANSSTUDIES

## NOVEMBER 2025

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 150**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 29 bladsye.**

Testpapers.co.za Testquestions.co.za

**NOTA VIR NASIENERS:**

**Hierdie vraestel moet deur ervare dansonderwysers/-adviseurs/-amptenare met gespesialiseerde danskennis nagesien word.**

- Die standaardiseringsproses tydens die nasienriglynbesprekings verseker dat hierdie riglyne die meeste moontlike antwoorde, wat die kandidate kan voorsien, insluit.
- Die nasienriglyne mag op geen wyse verander word nie.
- Hou streng by hierdie nasienriglyne wanneer nasien en pas konsekwent toe.
- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word en evalueer wat die kandidate weet, nie wat die kandidate nie weet nie.
- In sekere kwalitatiewe vrae moet professionele en ingeligte oordeel toegepas word.
- In sekere vrae, het kandidate 'n keuse. As kandidate albei vrae beantwoord het, sien slegs die EERSTE vraag wat beantwoord word, na. Trek 'n streep deur die tweede antwoord wat nie nagesien word nie.
- In sekere vrae waar kandidate gevra word om 'n spesifieke getal feite te verskaf, moet slegs die verwagte getal nagesien word indien meer verskaf word.
- Inligting oor hoe om punte toe te ken wanneer 'n nasienrubriek gebruik word kan in die **LET WEL** afdeling van daardie spesifieke vraag gevind word.
- Kandidate mag korrekte inligting insluit wat nie noodwendig in die voorgeskrewe handboek verskyn nie. Onsekerheid oor enige inligting wat deur die kandidaat verskaf word, moet deur navorsing geverifieer word, voordat daar verder nagesien word.
- Hoë, medium en lae kognitiewe vlakke wat in elke antwoord verwag word, is ingesluit bokant elke vraag. Dit moet toegepas word wanneer punte toegeken word. Die beskrywende **werkwoord/instruksiewoord** in elke vraag en die **taakvereistes** moet as riglyn vir die toekenning van punte dien.
- Die stappe waardeur kandidate moet gaan om die vraag te beantwoord, word onder die opskrif – **DINKPROSES** – ingesluit.
- Die nasienriglyne verskaf **'n voorbeeld van 'n antwoord** in 'n teksblokkie onder die verwagte reaksies.
  **LET WEL:** Dit is om leiding te gee waar om 'n punt toe te ken. In sommige vrae, word 'n voorbeeld van 'n volpunt-antwoord waar nodig, verskaf. In ander vrae word slegs een of twee voorbeelde verskaf.
- Moet GEEN punte toeken vir antwoorde wat oppervlakkig/minimaal is of waar al die vereistes van die kompleksiteitsvlak van die vraag nie nagekom is nie.
- EEN ✓ = EEN punt, afhangend van die vereistes van die vraag, tot en met die maksimum punte.
- **Geen ½**-punte mag toegeken word nie.

**NASIENFORMAAT:**

**Vrae wat een regmerk per punt vereis:**

- EEN **√** = EEN punt afhangende van die vereistes van die vrae tot by die maksimum punte.
- Regmerke moet geplaas word, waar 'n punt vir die inhoud toegeken is

**Voorbeeld:**

**Vraag:** Wat is dans?

**Antwoord:** Dans is beweging van die liggaam **√** wat emosies uitbeeld **√** en ook 'n storie kan oordra.**√** (3)

- Waar antwoorde die maksimum punte oorskry, skryf **MAKS PUNTE** by die punt waar dit bereik is.
- Plaas die antwoord tussen hakies in die linkerkantlyn om aan te dui dat dit gelees is.
- Kyk op die volgende bladsy in die antwoordeboek om seker te maak dat jy nie 'n gedeelte van die antwoord uitgelaat het nie

**Nasien van kwalitatiewe vrae:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word.
- Alle areas moet ingesluit word om volpunte toe te ken.
- **LET WEL:** Daar is spesifieke nasieninstruksies in die vrae wat van 'n nasienrubriek gebruik maak

**Berekening van die puntetotaal:**

- Dui die puntetotaal wat per vraag behaal is in die regterkantse kantlyn aan die einde van die antwoord met 'n diagonale lyn bo die totaal aan.
- Hierdie totaal moet aan die begin van die vraag herhaal word in die linkerkantse kantlyn en omkring word. Plaas jou voorletters langs hierdie totaal.

**Voorbeeld:**

(8) **CFV** VRAAGNOMMER …
Begin van die antwoord

Einde van die antwoord **/8**

## AFDELING A: VEILIGE DANSPRAKTYK EN GESONDHEIDSORG

### VRAAG 1: BESERINGS

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **1.1** | **Kies** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **1.2.1** | **Verduideliking en stawing** | **2 punte** |
| | **1.2.2** | **Verduideliking en stawing** | **2 punte** |
| **HOË VLAK** | **1.3** | **Gee en stawing** | **6 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 1.1 | Omgewing, behandeling, tipe beserings | 1. Herroep<br>2. Pas korrekte term by stelling |
| 1.2 | Verkeerde danstegnieke: oogfokus en landings | 1. Herroep<br>2. Verstaan hoe verkeerde tegniek beserings veroorsaak<br>3. Staaf verduideliking |
| 1.3 | Postuur | 1. Lees vir begrip<br>2. Herroep<br>3. Pas begrip van postuur op die opskrif toe<br>4. Formuleer 'n gestaafde opinie |

1.1 **KIES DIE TERM**

**Verwagte reaksies:**

1.1.1 sementvloere (1)

1.1.2 kompressie (1)

1.1.3 ligamente (1)

1.1.4 stresfraktuur (1)

1.1.5 fisioterapie (1)

1.2 1.2.1 **VERDUIDELIK HOE VERKEERDE OOGFOKUS DIE RISIKO VAN BESERING VERHOOG**

**LET WEL:**
- Moet nie punte toeken vir slegs die stawing, voorbeelde gee, identifisering/noem van beserings nie, kandidate moet verduidelik hoe die verkeerde tegniek die risiko van besering kan verhoog
- Kandidate mag oor een aspek met besonderhede uitbrei, of vele aspekte verduidelik

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Balans
- Beheer
- Rigting

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe verkeerde oogfokus/*spotting* die risiko van besering kan verhoog (2)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- ➢ As dansers nie oogfokus gebruik wanneer hulle draai nie, kan hulle balans verloor en val. √

1.2.2 **VERDUIDELIK HOE VERKEERDE LANDINGS DIE RISIKO VAN BESERING VERHOOG**

**LET WEL:**

- o Moet nie punte toeken vir slegs die stawing, voorbeelde gee, identifisering/noem van beserings nie, kandidate moet verduidelik hoe die verkeerde tegniek die risiko van besering kan verhoog.
- o Kandidate mag oor een aspek met besonderhede uitbrei, of vele aspekte verduidelik

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Impak
- Belyning
- Balans

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met hoe verkeerde landings die risiko van besering kan verhoog (2)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- ➢ Wanneer 'n danser nie deur die voete land nie, kan dit druk op die gewrigte plaas. √

1.3 **GEE 'N OPINIE OOR DIE OPSKRIF**

**LET WEL:**

- o Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- o Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- o Kandidate moet 'n gestaafde opinie oor die opskrif verskaf
- o Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
  - ▪ Geen regmerke moet gebruik word nie
  - ▪ Plaas die hele antwoord tussen hakies in die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Postuur
- Belyning
- Veiligheid
- Bewegingskwaliteit
- Lyn en vorm
- Moegheid
- Aanbieding

Enige ander relevante antwoorde in verband met 'n opinie oor die opskrif verskaf (6)

**NASIENRUBRIEK:**

| KRITERIA | |
|---|---|
| **UITSTAANDE 5–6** | • Bied 'n uitstaande opinie aan<br>• Verskaf uitstaande en diepgaande gestaafde voorbeelde om opinie te ondersteun |
| **BEDUIDENDE 4** | • Bied 'n beduidende opinie aan<br>• Verskaf goed gestaafde voorbeelde om opinie te ondersteun |
| **VOLDOENDE 3** | • Bied 'n voldoende opinie aan<br>• Verskaf voldoende voorbeelde om opinie te ondersteun |
| **BASIESE 2** | • Bied 'n beperkte opinie aan<br>• Verskaf beperkte voorbeelde om opinie te ondersteun |
| **NIE BEREIK NIE 0–1** | • Verskaf/Verskaf nie 'n opinie nie<br>• Verskaf/Verskaf nie voorbeelde om opinie te ondersteun nie |

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Ek stem nie saam met die opskrif nie want goeie postuur is belangrik omdat dit na die manier van hoe jy jou liggaam hou terwyl jy beweeg of wanneer jy in 'n stilstaande posisie is, verwys. Goeie postuur gaan hand aan hand met belyning wat beteken dat jy bewegings wat esteties aangenaam lyk, sal skep. Wanneer jy goeie postuur het, sal dit verseker dat jy bewegings met beheer sal uitvoer wat uiteindelik met balans sal help. Goeie postuur laat jou toe om bewegings wat die korrekte spiere gebruik, uit te voer. Dit sal verseker dat jy nie onnodige druk op die gewrigte plaas nie wat tot spier-onbalans kan lei. Deur goeie postuur uit te oefen, sal jou spiere versterk en jou toelaat om bewegings met gemak uit te voer. Om ontwikkelde sterk kernspiere te hê, deur goeie postuur te beoefen, sal rugprobleme of beserings regdeur jou lewe beperk.

**[15]**

## VRAAG 2: KOMPONENTE VAN FIKSHEID

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **2.1** | **Kies** | **4 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **2.2** | **Verduideliking** | **6 punte** |
| | **2.3.3** | **Verduideliking en stawing** | **2 punte** |
| **HOË VLAK** | **2.3.1** | **Identifisering en brei uit** | **6 punte** |
| | **2.3.2** | **Identifisering** | **2 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 2.1 | Komponente van fiksheid | 1. Herroep<br>2. Kies korrekte term vir die definisie |
| 2.2.1 | Krag | 1. Herroep<br>2. Pas begrip toe van hoe krag help om beweging(s) uit te voer |
| 2.2.2 | Kernstabiliteit | 1. Herroep<br>2. Pas begrip van hoe kernstabiliteit help om beweging(s) uit te voer |
| 2.2.3 | Uithouvermoë | 1. Herroep<br>2. Pas begrip toe van hoe uithouvermoë help om beweging(s) uit te voer |
| 2.3.1 | Neuromuskulêre vaardighede | 1. Herroep<br>2. Ontleed die foto<br>3. Kies relevante neuromuskulêre vaardighede<br>4. Brei uit op hoe die vaardighede gebruik word |
| 2.3.2 | Soepelheid | 1. Herroep<br>2. Ontleed die foto<br>3. Pas begrip toe van hoe beperkte soepelheid die beweging(s) wat in die foto getoon word, affekteer |
| 2.3.3 | Soepelheid | 1. Herroep<br>2. Ontleed die foto<br>3. Kies 'n gepaste manier vir die ontwikkeling van soepelheid vir die beweging(s) wat in die foto getoon word |

2.1 **KIES KOMPONENTE VAN FIKSHEID**

**Verwagte reaksies:**

2.1.1 B (1)

2.1.2 C (1)

2.1.3 D (1)

2.1.4 A (1)

2.2 **VERDUIDELIK KOMPONENTE VAN FIKSHEID**

**LET WEL:**

- Kandidate kan 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Moet nie punte vir definisies toeken nie
- Kandidate moet verduidelik hoe die komponente van fiksheid gebruik word om beweging(s) uit te voer en nie hoe komponente van fiksheid ontwikkel kan word nie
- Kandidate mag oor een aspek met besonderhede uitbrei, of verskeie aspekte verduidelik

2.2.1 **VERDUIDELIK HOE KRAG GEBRUIK WORD OM BEWEGING(S) UIT TE VOER**

**Verwagte reaksies:**

- Handhawing van bewegings/posisies
- Maatwerk
- Balans
- Beheer
- Gewigsverdeling/verspreiding

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe krag gebruik word om beweging(s) uit te voer (2)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- ➢ Krag word gebruik om hysings/*lifts* moeiteloos uit te voer. ✓

2.2.2 **VERDUIDELIK HOE KERNSTABILITEIT GEBRUIK WORD OM BEWEGING(S) UIT TE VOER**

**Verwagte reaksies:**

- Balans
- Beheer
- Postuur en belyning
- Ratsheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe kernstabiliteit gebruik word om beweging(s) uit te voer (2)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- ➢ Kernstabiliteit word gebruik om liggaamsgewig te beheer tydens beweging oor die vloer. ✓

2.2.3 **VERDUIDELIK HOE UITHOUVERMOË GEBRUIK WORD OM BEWEGING(S) UIT TE VOER**

**Verwagte reaksies:**

- Suurstofinname
- Energie
- Duur

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe uithouvermoë gebruik word om beweging(s) uit te voer (2)

Kopiereg voorbehou 

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Uithouvermoë word gebruik om dansopvoerings uit te voer sonder om moeg te word. ✓

2.3 2.3.1 **ONTLEED DIE FOTO: IDENTIFISEER EN BREI UIT OOR NEUROMUSKULÊRE VAARDIGHEDE**

**LET WEL:**
- o As meer as DRIE vaardighede verskaf word, merk slegs die eerste DRIE
- o Kandidate kan 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- o Kandidate moet uitbrei op hoe die geïdentifiseerde neuromuskulêre vaardighede in die foto gebruik word
- o Ken EEN punt vir die identifisering van die neuromuskulêre vaardigheid toe en EEN punt vir die uitbreiding van hoe die neuromuskulêre vaardigheid gebruik word

**Verwagte reaksies:**
- Balans
- Beheer
- Koördinasie
- Ruimtelike bewustheid
- Kinestetiese bewustheid
- Musikalitieit

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe neuromuskulêre vaardighede gebruik word (3 x 2) (6)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Die manlike danser kan op een been ✓ balanseer. ✓
- ➢ Ruimtelike bewustheid: ✓ Die dansers moet bewus van mekaar se persoonlike ruimte wees om die hysing/*lift* uit te voer. ✓

2.3.2 **ONTLEED DIE FOTO: IDENTIFISEER UITDAGINGS VAN BEPERKTE SOEPELHEID**

**LET WEL:**
- o Moenie punte vir die identifisering van algemene uitdagings van beperkte soepelheid toeken nie, antwoorde moet verband hou met die beweging(s) wat in die foto verskyn
- o Kandidate kan baie uitdagings vir een area van die liggaam identifiseer of kan uitdagings vir verskillende areas van die liggaam identifiseer

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Tegniese uitvoering
- Bewegingskwaliteit
- Beserings
- Spesifieke areas in die liggaam:
  - Bene
  - Voete/enkels
  - Heupe
  - Arms
  - Bolyf/Torso
  - Nek

Enige ander relevante antwoorde in verband met uitdagings van beperkte soepelheid in verband met die foto (2)

| **Voorbeeld van 'n antwoord:** |
|---|
| ➢ 'n Danser met stywe enkelgewrigte kan sukkel om sy/haar voete te punt. √<br>➢ 'n Danser met stywe agterdyspiere kan die spiere trek/skeur wanneer hy/sy die been probeer oplig. √<br>➢ Die danser met bepekte soepelheid sal nie instaat wees om goeie lyn in die posisie toe te pas nie. √ |

2.3.3 **ONTLEED DIE FOTO: ONTWIKKELING VAN SOEPELHEID**

**LET WEL:**
- Moenie punte vir algemene maniere om soepelheid te ontwikkel, toeken nie, antwoorde moet verband hou met die bewegings(s) wat in die foto verskyn

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Liggaamsdele: Heupe, bene, voete/enkels, arms, bolyf/torso, nek
- Strekkingstegnieke: Dinamiese strekking, statiese strekking, passiewe strekking
- Konsekwentheid/progressiewe oorlading

Enige ander relevante antwoorde in verband met die ontwikkeling van soepelheid met betrekking tot die foto (2)

| **Voorbeeld van 'n antwoord:** |
|---|
| ➢ Die dansers kon voetartikulasie-oefeninge gedoen het om enkel-mobiliteit te verhoog wat benodig word om die voete te punt. √<br>➢ Die manlike danser kon beenskoppe gedoen het om soepelheid in die heupgewrig te verbeter. √ |

**[20]**

## VRAAG 3: ALGEMENE GESONDHEIDSORG

| | | | |
|---|---|---|---|
| **MEDIUM VLAK** | **3.1** | **Brei uit** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **3.2** | **Bespreking** | **5 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 3.1 | Leefstylkeuses | 1. Ontleed die plakkaat<br>2. Besin oor persoonlike ervaring<br>3. Kies faktore<br>4. Pas begrip tot opvoering in die dansklas toe |
| 3.2 | Waardes en/of houdings en die hanteer van stres | 1. Herroep<br>2. Begrip van voordele<br>3. Pas begrip van die voordele om stres te hanteer, toe |

3.1 **ONTLEED DIE PLAKAAT: BREI UIT OOR HOE DIE FAKTORE OPVOERING IN DIE DANSKLAS AFFEKTEER**

**LET WEL:**
- Kandidate kan 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- As meer as VYF faktore verskaf word, merk slegs die eerste VYF
- Kandidate moet uitbrei oor hoe elke faktor opvoering in die dansklas affekteer om 'n punt te kry

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word in verband met opvoering:**
- Fokus/konsentrasie
- Toewyding
- Moegheid
- Tegniek
- Betroubaarheid
- Spanwerk
- Aanwesigheid
- Besering

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe die faktore in die plakkaat opvoering in die dansklas affekteer (5)

| |
|---|
| **Voorbeeld van 'n antwoord:**<br>Wanneer ek moeg is, sal ek nie fokus en my tegnieke korrek toepas nie wat my opvoering in die dansklas slordig sal laat lyk. ✓ Om elke middag na my broers en susters te kyk, laat my nie toe om ekstra klasse by te woon nie wat my tegniese vordering sal affekteer. ✓ |

3.2 **BESPREEK HOE WAARDES EN/OF HOUDINGS HELP OM STRES TE HANTEER**

**LET WEL:**

- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Antwoorde moet begrip van hoe die waardes en/of houdings help om stres te beheer toon

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word in verband met streshantering:**

- Tydsbestuur
- Toewyding
- Stiptelikheid
- Spanwerk
- Dissipline
- Verantwoordelikheid
- Aanspreeklikheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe waardes en/of houdings kan help om stres te hanteer

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Die waardes help om al ons verantwoordelikhede te balanseer en ons sperdatums na te kom. ✓
- Toewyding help jou om konsekwent te wees sodat jy nie sloer en agter raak nie. ✓

**[10]**

## VRAAG 4: DANSOPVOERING

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **4.1** | **Dui aan** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **4.2** | **Verduideliking** | **4 punte** |
| | **4.3** | **Besinning en bespreking** | **6 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 4.1 | Opvoeringsvaardighede: vloeiendheid, projeksie, dinamiese variasie, koördinasie, akkuraatheid | 1. Herroep |
| 4.2 | Musiekterme; invloed op beweging(s) | 1. Herroep<br>2. Pas begrip van musiekterme op beweging(s) toe |
| 4.3 | Liggaam as 'n instrument van uitbeelding | 1. Besin<br>2. Herroep<br>3. Pas begrip toe van hoe bedoeling gekommunikeer word |

4.1 **DUI AAN WAAR OF ONWAAR**

**Verwagte reaksies:**

4.1.1 Waar (1)

4.1.2 Waar (1)

4.1.3 Onwaar (1)

4.1.4 Onwaar (1)

4.1.5 Waar (1)

4.2 **VERDUIDELIK HOE MUSIEKTERME BEWEGING(S) BEÏNVLOED**

**LET WEL:**
Kandidate moet verduidelik hoe elke musiekterm beweging beïnvloed en mag nie slegs 'n definisie van die musiekterm verskaf nie

4.2.1 **Verwagte reaksie:**
- Tempo kan variasie in spoed en kwaliteit van bewegings beïnvloed.

Enige ander relevante antwoord in verband met hoe tempo beweging(s) kan beïnvloed (1)

4.2.2 **Verwagte reaksie:**
- Die ritme van 'n stuk musiek kan die dinamiek/aksente van die beweging beïnvloed.

Enige ander relevante antwoord in verband met hoe ritme beweging(s) kan beïnvloed (1)

4.2.3 **Verwagte reaksie:**

- Frasering in die musiek kan die struktuur van die bewegingsfrase of dans beïnvloed.

Enige ander relevante antwoord in verband met hoe frasering beweging(s) kan beïnvloed (1)

4.2.4 **Verwagte reaksie:**

- Toonkleur van stemme/instrumente kan die stemming/bui van die bewegings beïnvloed.

Enige ander relevante antwoord in verband met hoe toonkleur beweging(s) kan beïnvloed (1)

4.3 **BESIN EN BESPREEK HOE DIE LIGGAAM BEDOELING KOMMUNIKEER**

**LET WEL:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate moet 'n gestaafde opinie oor die opskrif verskaf
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
  - Geen regmerke moet gebruik word nie
  - Plaas die hele antwoord tussen hakies in die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Bewegingswoordeskat
- Gebare
- Temas/idees
- Opvoeringskwaliteit
- Interpretasie
- Musikaliteit

Enige ander antwoord in verband met hoe die liggaam bedoeling kommunikeer (6)

**NASIENRUBRIEK:**

| | **KRITERIA** |
|---|---|
| **UITSTAANDE 5–6** | • Uitstaande vermoë om te besin oor hoe die liggaam bedoeling kommunikeer |
| **BEDUIDENDE 4** | • Goeie vermoë om te besin oor hoe die liggaam bedoeling kommunikeer |
| **VOLDOENDE 3** | • Voldoende vermoë om te besin oor hoe die liggaam bedoeling kommunikee |
| **BASIESE 2** | • Beperkte vermoë om te besin oor hoe die liggaam bedoeling kommunikeer |
| **NIE BEREIK NIE 0–1** | • Minimaal/Geen vermoë om te besin oor hoe die liggaam bedoeling kommunikeer nie |

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
My solo het oor my graad 12-ervaring gehandel. In die begin van die solo, het ek op die vloer in 'n sametrekking begin om die gevoel van oorweldiging te kommunikeer. Ek het begin om uit die opkrulposisie te kom soos wat die pas van die musiek stadig toegeneem het om die klein oorwinnings wat ek elke kwartaal bereik het, te kommunikeer. Toe ek op my voete was, het ek groot en klein bewegings gebruik om die hoogte- en laagtepunte van my graad 12-ervaring uit te beeld. Ek het trek- en stootbewegings gebruik om my vasberadenheid om graad 12 te slaag, te wys. Die vinnige tempo in die musiek het vinnige bewegings beïnvloed wat die vinnige pas van die matriekjaar verteenwoordig het. My solo het geëindig toe ek hoë spronge van die verhoog af gemaak het om die suksesvolle voltooiing van my graad 12-jaar te simboliseer.

**[15]**

**TOTAAL AFDELING A: 60**

## AFDELING B: DANSGESKIEDENIS EN GELETTERDHEID

## VRAAG 5: IMPROVISASIE EN CHOREOGRAFIE

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **5.1** | **Kies** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **5.2** | **Beskrywing** | **3 punte** |
| | **5.3** | **Ontleding** | **3 punte** |
| **HOË VLAK** | **5.4** | **Verduideliking en stawing** | **5 punte** |
| | | **OF** | |
| | **5.5** | **Evaluering en stawing** | **5 punte** |
| | **5.6** | **Konseptualisering** | **8 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 5.1 | Choreografiese strukture | 1. Herroep<br>2. Kies korrekte term |
| 5.2 | Choreografiese joernaal | 1. Herroep<br>2. Pas begrip toe van hoe 'n joernaal 'n choreografiese proses kan help |
| 5.3 | Danselemente: *krag* | 1. Herroep<br>2. Pas begrip toe van die konsep van *krag* in verband met betekenis |
| 5.4 | Choreografie: tegnologie | 1. Herroep<br>2. Begrip van die effek van tegnologie<br>3. Pas begrip op 'n choreografie toe<br>4. Staaf verduideliking |
| | | **OF** |
| 5.5 | Gehoorinstellings: lewendige musiek en/of begeleiding | 1. Herroep<br>2. Begrip van die invloed van lewendige musiek en/of begeleiding<br>3. Pas begrip op 'n dansopvoering toe<br>4. Staaf evaluering |
| 5.6 | Visuele geletterdheid, nie-konvensionele ruimtes en choreografie | 1. Ontleed die foto<br>2. Onttrek betekenis/bedoeling/idee<br>3. Verbind betekenis/bedoeling/idee aan die nie-konvensionele ruimte<br>4. Konseptualiseer 'n choreografie |

5.1 **KIES CHOREOGRAFIESE STRUKTURE**

**Verwagte reaksies:**

5.1.1 C (1)

5.1.2 B (1)

5.1.3 A (1)

5.1.4 C (1)

5.1.5 A (1)

5.2 **BESKRYF HOE 'N JOERNAAL 'N CHOREOGRAFIESE PROSES KAN ONDERSTEUN**

**LET WEL:**
- As meer as VIER maniere verskaf word, merk slegs die eerste VIER

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Navorsing
- Persoonlike besinning/refleksies
- Konseptualisering
- Tydsbestuur
- Probleemoplossing
- Voorbereidheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe 'n joernaal 'n choreografiese proses kan ondersteun (4)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- Dit kan my help om op hoogte te bly sodat ek my tyd verstandig kan gebruik.✓
- 'n Joernaal help my om oor die uitdagings wat ek ervaar het, te besin/na te dink.✓

5.3 **ONTLEED HOE *KRAG* BETEKENIS KAN UITBEELD**

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Energie
- Dinamika
- Gewig
- Kontras
- Bewegingskwaliteit

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe *krag* betekenis kan uitbeeld (3)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Dansers kan sagte, vloeiende bewegings gebruik om 'n gevoel van vrede te simboliseer. ✓
- ➢ Gebruik kontrasterende bewegings om die hoogte- en laagtepunte wat mense in hul lewens ervaar, te verteenwoordig. ✓

5.4 **VERDUIDELIK DIE EFFEK VAN TEGNOLOGIE OP CHOREOGRAFIE**

**LET WEL:**
- o Kandidate kan meer oor een aspek skryf as oor 'n ander

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Produksie-elemente
- Atmosfeer
- Innovasie/Vernuwing/kreatiwiteit/inspirasie/oorspronklikheid
- Multidissiplinêre/interdissiplinêre
- Bemarking
- Toeganklikheid
- Argivering/dokumentering
- Tyd: tydsbesparing/tydrowend

Enige ander relevante antwoorde in verband met die effek van tegnologie op choreografie (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Tegnologie kan onvoorspelbaar wees, bv. dit kan wanfunksioneer wat die dansopvoering kan affekteer. ✓
- ➢ Gebruik van spesiale effekte en projeksies kan die tema van die danswerk versterk. ✓

**OF**

5.5 **EVALUEER HOE LEWENDIGE MUSIEK EN/OF BEGELEIDING 'N DANSOPVOERING BEÏNVLOED**

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Onvoorspelbaarheid
- Atmosfeer
- Dinamika
- Samewerking
- Aanpasbaarheid

Enige ander relevante antwoorde in verband met hoe lewendige musiek en/of begeleiding 'n dansopvoering beïnvloed (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Lewendige musiek kan die bui van 'n dansopvoering beïnvloed deur 'n atmosfeer te skep. ✓
- ➢ Lewendige musiek kan die verskillende dinamiek in die bewegingswoordeskat versterk. ✓
- ➢ Lewendige musiek kan tot die egtheid van 'n dansvorm/genre bydra. ✓

5.6 **ONTLEED DIE FOTO: KOSEPTUALISEER 'N CHOREOGRAFIE DEUR DIE NIE–KONVENSIONELE RUIMTE TE BRUIK**

**LET WEL:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag in verskeie formate antwoord
- Kandidate mag ‘n choreografie vir die ruimte in die foto konseptualiseer, of die foto gebruik as inspirasie vir ‘n choreografie in enige ruimte
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
  - Geen regmerke moet gebruik word nie
  - Plaas die hele antwoord tussen hakies in die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Temas/idees
- Bewegingswoordeskat
- Danselemente
- Choreografiese strukture
- Opvoerders
- Produksie-elemente
- Elemente in die fisiese ruimte
- Simbolisme

Enige ander relevante antwoorde in verband met die konseptualisering van ‘n choreografie van die nie-konvensionele ruimte gebruik (8)

**NASIENRUBRIEK:**

| KRITERIA | |
|---|---|
| **UITSTAANDE 7–8** | • Uitstaande en diepgaande ontleding van die nie-konvensionele ruimte<br>• Uitstaande en innoverende konseptualisering van 'n choreografie |
| **VERDIENSTELIK 6** | • Verdienstelike ontleding van die nie-konvensionele ruimte<br>• Verdienstelike konseptualisering van 'n choreografie |
| **BEDUIDEND 5** | • Goeie ontleding van die nie-konvensionele ruimte<br>• Goeie vermoë om 'n choreografie te konseptualiseer |
| **VOLDOENDE 4** | • Voldoende ontleding van die nie-konvensionele ruimte<br>• Voldoende vermoë om 'n choreografie te konseptualiseer |
| **BASIES 3** | • Beperkte ontleding van die nie-konvensionele ruimte<br>• Beperkte vermoë om 'n choreografie te konseptualiseer |
| **NIE BEREIK NIE 0–2** | • Minimaal/Geen ontleding van die nie-konvensionele ruimte nie<br>• Minimaal/Geen vermoë om 'n choreografie te konseptualiseer nie |

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Ek sal 'n choreografie oor kinderspeeltyd skep. Die dansers sal skooluniforms dra met skooltasse op hulle rûe terwyl hulle die choreografie uitvoer. Ek sal 6 dansers gebruik wat agter elk van die pilare wegkruip soos die dans begin. Hulle sal spelerig uitloer, vingers oor hulle monde asof hulle vir mekaar sê om stil te bly. Dit sal die idee van kwaaddoen, simboliseer. Hulle kom een vir een uit en voer alledaagse kinderspeletjies uit, soos om op en af met die trappe te hardloop en by die gras af te rol asof hulle 'n speletjie speel.

In die middel van die choreografie, sal sommige dansers hulle skoolskoene uittrek en dit by hulle tasse by die trappe neersit wat hul vryheid tydens speel, uitbeeld. Maar, hulle onthou vinnig dat hulle nie heeltemal vry is nie en hardloop om hulle voorkoms weer reg te stel. Hulle trek hulle sokkies op, maak hul skoenveters vas, maak hulle hare reg, sit hul tasse terug op hulle rûe en staan in 'n ry op die betonvloer. Daarna draai hulle gelyk om na die regterkant toe in unisoon en marsjeer soos soldate, gereed vir hulle dag by die skool, wat die rigiede manier van die skoolsisteem simboliseer.

**[25]**

## VRAAG 6: DANSGELETTERDHEID

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **6.1** | **Noem** | **5 punte** |
| | **6.2** | **Verduideliking** | **5 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **6.3.1** | **Saamstelling** | **5 punte** |
| | **6.3.2** | **Saamstelling** | **5 punte** |
| **HOË VLAK** | **6.4** | **Gee** | **5 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 6.1 | Funksies van dans | 1. Herroep |
| 6.2 | Voordele van die funksies van dans | 1. Herroep<br>2. Begrip van die voordele van die funksies genoem in 6.1 |
| 6.3.1 | Beginsels van die hoofdansvorm | 1. Herroep<br>2. Organiseer inligting |
| 6.3.2 | Kenmerke van die hoofdansvorm | 1. Herroep<br>2. Organiseer inligting |
| 6.4 | Kulturele/inheemse dans | 1. Herroep<br>2. Begrip van die hedendagse samelewing<br>3. Verbind invloede van die hedendagse samelewing op kulturele/inheemse dans<br>4. Verskaf 'n opinie |

6.1 **NOEM DIE FUNKSIES VAN DANS**

**LET WEL:**
- As meer as VYF funksies van dans verskaf word, merk slegs die eerste VYF

**Verwagte reaksies:**
- Kommunikasie
- Vermaak
- Viering
- Kompetisie
- Geloof
- Loopbaan
- Fiksheid
- Pret/Ontspanning
- Opvoeding
- Protes

Enige ander relevante antwoorde in verband met die funksies van dans (5)

6.2 **VERDUIDELIK DIE VOORDELE VAN DIE FUNKSIES VAN DANS GENOEM IN 6.1**

**LET WEL:**

- Kandidate moet die voordele van elke funksie genoem in 6.1 verskaf. Moet nie punte toeken as die kandidaat nie 'n punt vir die funksie wat in 6.1. verskaf is, toegeken is nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Kommunikasie
- Vermaak
- Viering
- Kompetisie
- Geloof
- Loopbaan
- Fiksheid
- Pret/Ontspanning
- Opvoeding
- Protes

Enige ander relevante antwoorde in verband met die verduideliking van die funksies van dans (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**

- Opvoeding: Dans kan as 'n instrument gebruik word om bewustheid oor sosiale kwessies te versprei. ✓
- Kompetisie: Dansers voer op om 'n prys te wen vir erkenning en/of geldelike wins. ✓

6.3 6.3.1 **STEL AANTEKENINGE SAAM OOR DIE BEGINSELS VAN DIE HOOFDANSVORM**

**LET WEL:**

- Kandidate moet gedetailleerde aantekeninge saamstel, kandidate mag beskrywende woorde gebruik, en/of vele items om hul antwoorde te ondersteun insluit
- Moet nie punte vir die herhaling van antwoorde in 6.3.1 en 6.3.2 toeken nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Gebruik van kop
- Gebruik van arms
- Postuur, houding en belyning
- Swartekrag

Enige ander relevante antwoorde in verband met die beginsels van die hoofdansvorm (5)

Kopiereg voorbehou 

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
**Afrika-dans**
- Afrika-dans is gemeenskaplik waar almal toegelaat word om deel te neem deur óf hande te klap, te dans, te ululeer, óf te juig en te sing. ✓
- Afrika-dans boots die natuur na en dramatiseer dit. ✓
- Afrika-dans gebruik natuurlike buigings wat die liggaam toelaat om in sy natuurlike vorm te beweeg. ✓

6.3.2 **STEL AANTEKENINGE SAAM OOR DIE KENMERKE VAN DIE HOOFDANSVORM**

**LET WEL:**
- Kandidate moet gedetailleerde aantekeninge saamstel, kandidate mag beskrywende woorde gebruik, en/of vele items om hul antwoorde te ondersteun insluit
- Moet nie punte vir die herhaling van antwoorde in 6.3.1 en 6.3.2 toeken nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Kostuum/kleredrag
- Deelnemers
- Musiek
- Opvoerruimtes
- Rekwisiete
- Temas/bedoeling
- Geslagsrolle

Enige ander relevante antwoorde in verband met die kenmerke van die hoofdansvorm (5)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
**Afrika-dans**
- Kostuums wat in Afrika-dans gebruik word, bepaal hiërargie. ✓
- Rekwisiete word gebruik om die belangrikheid van die individue aan te dui. ✓
- Opvoerruimtes is dikwels heilige ruimtes wat gekies is om sekere rituele uit te voer. ✓

6.4 **GEE 'N OPINIE OOR DIE INVLOED WAT DIE HEDENDAAGSE SAMELEWING OP KULTURELE/INHEEMSE DANS HET**

**LET WEL:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
  - Geen regmerke moet gebruik word nie
  - Plaas die hele antwoord tussen hakies in die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

- Nuwe bewegingswoordeskat /tegnieke
- Bring verskillende kulture bymekaar
- Erkenning
- Verlies van suiwer dansvorme/dekolonisasie
- Tekort aan begrip
- Sosiale media
- Modernisasie van kostuum
- Geslagsrolle
- Toeganklikheid

Enige ander relevante antwoorde wat verband hou met die invloed wat die hedendaagse samelewing op kulturele/inheemse dans het (5)

**NASIENRUBRIEK:**

| **KRITERIA** | |
|---|---|
| **UITSTAANDE 4–5** | • Bied 'n uitstaande opinie aan<br>• Uitstaande en diepgaande begrip van die hedendaagse samelewing en die invloed op kulturele/inheemse dans |
| **BEDUIDENDE 3** | • Bied 'n beduidende opinie aan<br>• Goeie begrip van die hedendaagse samelewing en die invloed op kulturele/inheemse dans |
| **MATIGE 2** | • Bied 'n basiese opinie aan<br>• Basiese begrip van die hedendaagse samelewing en die invloed op kulturele/inheemse dans |
| **NIE BEREIK NIE 0–1** | • Verskaf/Verskaf nie 'n opinie nie<br>• Minimaal/Geen begrip van die hedendaagse samelewing en die invloed op kulturele/inheemse dans |

| **Voorbeeld van 'n antwoord:** |
|---|
| Ons lewe in 'n wêreld wat gedurig verander. Net soos enige ander kunsvorm, is dans nie immuun teen sekere veranderinge nie, spesifiek kulturele/inheemse dans. Met die invloed van integrasie, word kulturele/inheemse danse met baie ander dansvorms gemeng wat die skep van nuwe tegnieke toelaat. Maar, 'n mens kan redeneer dat hierdie fusie 'n verlies van suiwer dansvorme kan veroorsaak, waar ander suggereer dat hierdie fusies die skepping van nuwe bewegingswoordeskat of style toelaat wat by die evolusie van kulturele/inheemse danse byvoeg. Dit is ook belangrik om kennis te neem dat hierdie ontwikkelinge voordelig vir dans kan wees omdat dit 'n platform verskaf vir kulturele/inheemse danse om gesien te word, erken te word en deel te vorm van die globale dansbesprekings. Die toeganklikheid op sosialemedia-platforms kan stereotipes en wanbegrip oor kulturele/inheemse danse verbreek. Maar, sonder die korrekte konteks, kan die snitte wat op sosiale media gedeel word, skadelik wees vir die bewaring van die ware identiteit. |

**[25]**

**VRAAG 7: DANSWERK**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **7** | **Skryf** | **7 punte** |
| **MEDIUM LEVEL** | | | **11 punte** |
| **HOË VLAK** | | | **7 punte** |

| **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DINKPROSES**<br>**Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|
| Danswerk: sinopsis/ tema/bedoeling, musiek en/of begeleiding, produksie-elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme en toepaslikheid van die danswerk | 1. Herroep<br>2. Pas begrip van simboliese betekenis toe<br>3. Verskaf gestaafde opinies gebaseer op die feite<br>4. Formuleer 'n resensie |

7.1 **SKRYF 'N RESENSIE**

**LET WEL:**

- Lees die hele antwoord voordat punte toegeken word
- Kandidate mag 'n wye verskeidenheid antwoorde/idees verskaf en reaksies mag dalk nie in die handboek verskyn nie
- Kandidate mag meer oor een kolpunt as oor 'n ander skryf
- Alle kolpunte moet ingesluit word om volpunte toe te ken
- Beide die inhoud en resensieformaat moet die toekenning van punte lei
- Gebruik die nasienrubriek wat verskaf word om die vlak van die kandidaat se antwoord te bepaal
    - Geen regmerke moet gebruik word nie
    - Plaas die hele antwoord tussen hakies in die linkerkantse kantlyn om aan te dui dat die hele antwoord gelees is

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**

**Sinopsis/tema/bedoeling**
- Inspirasie
- Oorsig van afdelings/fases

Enige ander relevante antwoorde in verband met die sinopsis/tema/bedoeling

**Musiek/begeleiding**
- Komponiste
- Genres/styl
- Tyd
- Ritme
- Dinamiek
- Toonkleur
- Klanke
- Frasering
- Instrumentasie

Enige ander relevante antwoorde in verband met die musiek/begeleiding

**Produksie-elemente**
- Beligting, spesiale effekte, projeksies
- Kostuum
- Stelontwerp
- Rekwisiete
- Agterdoek
- Tegnologie, multidissiplinêre werk
- Opvoerruimtes: konvensionele en nie-konvensionele ruimtes

Enige ander relevante antwoorde in verband met die produksie elemente

**Bewegingswoordeskat**
- Styl/dansvorms
- Gebare
- Danselemente
- Choreografiese strukture
- Fusie

Enige ander relevante antwoorde in verband met die bewegingswoordeskat

**Simbolisme**

**Toepaslikheid van die danswerk**
- Hedendaagse konteks
- Temas
- Tegnologie
- Opvoerders
- Samewerking

Enige ander relevante antwoorde in verband met die toepaslikheid van die danswerk (25)

**NASIENRUBRIEK:**

| VLAKKE | KRITERIA |
|---|---|
| **UITSTAANDE 22 - 25** | • Uitstaande vloei en organisasie van inligting<br>• Uitstaande en diepgaande begrip van die sinopsis, musiek en/of begeleiding, produksie-elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme en toepaslikheid<br>• Verskaf 'n uitstaande opinie oor die danswerk |
| **VERDIENSTELIK 18 - 21** | • Verdienstelike vloei en organisasie van inligting<br>• Verdienstelike begrip van die sinopsis, musiek en/of begeleiding, produksie-elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme en toepaslikheid<br>• Verskaf 'n verdienstelike opinie oor die danswerk |
| **BEDUIDEND 15 - 17** | • Goeie vloei en organisasie van inligting<br>• Goeie begrip van die sinopsis, musiek en/of begeleiding, produksie-elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme en toepaslikheid<br>• Verskaf 'n goeie opinie oor die danswerk |
| **VOLDOENDE 13 - 14** | • Voldoende vloei en organisasie van inligting<br>• Voldoende begrip van die sinopsis, musiek en/of begeleiding, produksie-elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme en toepaslikheid<br>• Verskaf 'n voldoende opinie oor die danswerk |
| **MATIG 10 - 12** | • Basiese vloei en organisasie van inligting<br>• Basiese begrip van die sinopsis, musiek en/of begeleiding, produksie-elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme en toepaslikheid<br>• Verskaf 'n basiese opinie oor die danswerk |
| **BASIES 8 - 9** | • Beperkte vloei en organisasie van inligting<br>• Beperkte begrip van die sinopsis, musiek en/of begeleiding, produksie-elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme en toepaslikheid<br>• Verskaf 'n beperkte opinie oor die danswerk |
| **NIE BEREIK NIE 0 - 7** | • Minimaal/Geen vloei en organisasie van inligting nie<br>• Minimaal/Geen begrip van die sinopsis, musiek en/of begeleiding, produksie elemente, bewegingswoordeskat, simbolisme en toepaslikheid nie<br>• Kan/Kan nie 'n opinie oor die danswerk verskaf nie |

**[25]**

**VRAAG 8: CHOREOGRAAF**

| | | | |
|---|---|---|---|
| **LAE VLAK** | **8.1** | **Verskaffing** | **6 punte** |
| | **8.4** | **Bespreking** | **3 punte** |
| **MEDIUM VLAK** | **8.2** | **Bespreking** | **4 punte** |
| | **8.3** | **Brei uit** | **2 punte** |

| | **INHOUD VIR ASSESSERING** | **DENKPROSES Stappe wat kandidate in hulle antwoorde moet volg** |
|---|---|---|
| 8.1 | Choreograaf: agtergrond | 1. Herroep |
| 8.2 | Choreograaf: invloede op professionele loopbaan | 1. Herroep<br>2. Verstaan hoe die invloede die professionele loopbaan affekteer |
| 8.3 | Choreograaf: choreografiese kenmerke/styl | 1. Herroep<br>2. Begrip van choreografiese kenmerke/styl |
| 8.4 | Choreograaf: bydrae tot dans | 1. Herroep |

8.1 **VERSKAF FEITE OOR DIE AGTERGROND VAN DIE CHOREOGRAAF**

- o As meer as SES feite verskaf word, merk slegs die eerste SES
- o Moet nie punte vir veralgemende/vaag feite toeken nie

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Plek van geboorte en/of nasionaliteit en/of jaar van geboorte
- Grootword/sosiopolitieke konteks
- Danskole/style van dans
- Vroeë opleiding geleenthede of die gebrek daarvan
- Vroeë invloede

Enige ander relevante antwoorde in verband met die agtergrond van die choreograaf (6)

8.2 **BESPREKING VAN HOE DIE CHOREOGRAAF SE INVLOEDE HUL PROFESSIONELE LOOPBAAN BEÏNVLOED**

**LET WEL:**
- o Moet nie punte vir slegs invloede toeken nie, kandidate moet hoe die invloede die choreograaf se loopbaan gevorm het, bespreek

**Verwagte reaksies:**
**Moontlike areas wat aangespreek kan word:**
- Inspirasie
- Impak van onderwysers/mense
- Samelewing
- Politiek
- Kuns/kunstenaars

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se invloede op hul professionele loopbaan (4)

8.3 **BREI UIT OP DIE CHOREOGRAAF SE CHOREOGRAFIESE KENMERKE/ STYL**

**Verwagte antwoorde:**
- Dansstyle
- Improvisasie
- Temas
- Samewerking
- Tegnologie
- Interdissiplinêre/multidissiplinêre
- Vernuwing

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se choreografiese kenmerke/styl (2)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
- ➢ Christopher Bruce hou nie van programnotas oor sy choreografieë skep nie omdat hy verkies dat die gehoor die werk op hul eie interpreteer. √
- ➢ Christopher Bruce meng klassieke en kontemporêre style. √

8.4 **BESPREKING VAN DIE CHOREOGRAAF SE BYDRAE TOT DANS**

**NOTA:**
- o Moet nie punte slegs vir ‘n lys van areas toeken nie, kandidate moet die bydra(e) bespreek

**Verwagte reaksies:**
- Uitreikprogramme
- Opvoeding
- Vermaak
- Protes/aktivisme
- Genesing
- Loopbaan/werkskepping
- Fusie van style/skepping van nuwe style
- Opvoedings/metodologie/programme
- Gebruik van verhoogontwerp
- Mentorskap
- Toekennings

Enige ander relevante antwoorde in verband met die choreograaf se bydrae tot dans (3)

**Voorbeeld van 'n antwoord:**
Gregory Maqoma het die Suid-Afrikaanse samelewing beïnvloed deur 'n platform te verskaf vir dansers om professioneel op te tree en geld te verdien. √ Maqoma het ook werke wat sosiopolitieke temas belig, geskep, wat belangrike boodskappe aan die samelewing kommunikeer. √ Maqoma is betrokke by baie uitreikprogramme wat vermaak aan hulle deelnemers verskaf. √

**[15]**

**TOTAAL AFDELING B: 90**
**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou